Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
(22-26 November 2021)

ONS ONTMOET MEKAAR
Dra jy soms ‘n onsigbare masker? Gesels saam.

ONS ONTMOET GOD
Laat elkeen hul gebedsbehoeftes deel. Steek 'n kers aan en bid vir mekaar.

Skriflesing: Ps 139
Tema: Omsluit - om sonder maskers te leef.

Gespreksvrae:
1. Wat hoor julle in Ps 139? Gee elkeen geleentheid om te deel. Moenie onderbreek nie. Luister eers na mekaar sodat ons God se stem in mekaar kan hoor.

2. In “The Message” vertaling van Eugene Petersen lees die volgende verse in Ps 139 soos volg:
   Hoe laat dit jou voel?
   [2]I'm an open book to you; even from a distance, you know what I'm thinking.
   [16]Like an open book, you watched me grow from conception to birth; all the stages of my life were spread out before you, the days of my life all prepared before I'd even lived one day.

3. Gesels saam oor die volgende woorde van Dietrich Bonhoeffer.
   Am I one person and tomorrow another?
   Am I both at once? A hypocrite before others,
   Who am I? They mock me, these lonely questions of mine.
   Whoever I am, Thou knowest, O God, I am thine!
   Bonhoeffer skryf die gedig hieronder in 1944 in die tronk. Vroeg in 1945 word hy oorgeplaas na ’n konsentrasiekamp en op 9 April 1945 word hy deur die Duitsers tereggestel.
   Surrounded by such true and gentle powers.
   So wondrously consoled and without fear,
   Thus will I spend with you these final hours
   And then together enter a new year.
   Refrein: By gentle powers lovingly surrounded,
   with patience we'll endure, let come what may.
   God is with us at night and in the morning
   and certainly on every future day.

   And should it be Your will once more to grant us.
   To see the world and to enjoy the sun,
   Then we will all the past events remember
   And finally our life with you is one.
   Refrein:

- Jul kan na hele lied luister by op YouTube https://youtu.be/aN7dGz6NH5M in Duits of in Engels by https://youtu.be/HVZhYAXQbaM

4. Carl Barth skryf die volgende. Stem jul met hom saam? Wat beteken hierdie waarheid vir jou? "Die grootste wonder of verrassing oor God is nie hoe groot Hy is, sy alomteenwoordigheid, almag of alwetendheid nie, maar hoe naby God aan ons kom. Hoe genadig hierdie regverdige God met ons handel. Hoe intiem hierdie almagtige God by elkeen van ons betrokke is – dit is die wonder van God."

ONS ONTMOET DIE WÊRELD

Gaan leef sonder 'n masker in 'n oop eerlike verhouding met God en met mekaar. Wat beteken dit in die tyd waarin ons leef?

Info blad

Alle belangrike inligting verskyn op die Kommunikamma wat uitgestuur is op Wattsapp en ook op ons webblad verskyn:

Sel/Kleingroep reeks vir hierdie kwartaal

Ons is besig met die: "**7 weke as Sinsoekers**" reeks in ons eredienste en in sel- of kleingroepe.

Datum	Tema	Skriflesing
28 November	Ontwrig	Luk 10:1-20

Woensdag 24 November

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter.

Hul gee ook nou toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R276 055.00 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op **Woensdag, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor** afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERMIS/KERSMARK

Graag wil ons almal wat betrokke was by die Kermis/Kersmark bedank. Sonder almal se positiewe gesindheid en harde werk, sou ons nie so 'n groot suksesvolle dag kon gehad het nie. Ons dank die Here dat die wins van die dag tans op R 56 791.71 staan. Ons sien uit om volgende jaar weer so lekker saam te kuier.

CMR KERSVAKANSIE PROJEK

Vir baie families gaan die kersvakansie donker en honger wees. As jy 'n bydrae wil maak om die l lig van Christus oor hul te laat skyn kan jy 'n finansiële bydrae by CMR, ABSA, Rek no:290230225; Takkode:632005 maak. Bydraes kwalifiseer vir 'n S18A Inkomste Belasting aftrekking. Nie-bederfbare kos kan by die CMR by Mountweg 16, Nooreinde afgelaai word. Vir meer inligting kontak Jackie by tel: 041-484 3554; e-pos: account-cmrpe@webafrica.org.za.

SUNRIDGE VILLAGE GEMEENSKAPPROJEK

Ons nooi jou uit om deel te wees van Sunridge Village se gemeenskapsprojek. In die bome by die sentrum hang daar name van eensame ou mensies wat in ons gemeentegrense se aftreeoorde woon. Op die kaartjie word aangedui wat die behoefte van daardie oom of tannie is. Neem asb die vrymoedigheid om die naam af te haal en te help om hulle Kersfees spesiaal te maak.